# STRESSED?

Jeremiah 29:11

Proverbs 29:11

Proverbs 3:5-6

Ephesians 4:26

Ephesians 4:31-32

Matthew 6:19-21

Hebrews 12:6

**RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE**

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com. Kontak nommer is 0721113100



NG Kerk Rietfontein-Suid
Ons Gee Om

Die Rietfluit

JAARTEMA:
*Sáám volg ons Christus*

Oktober 2018

## 40 DAE REEKS: IN SY VOETSPORE

Liewe Gemeentelid

**In TEMA 1 van hierdie reeks** (2 Sept.) **het ons gehoor: Loop In Sy voetspore - vol van Sy stof:**

Dissipels bly stof-afstand van Jesus!

Hulle volg Hom! Bly by Hom! Leer van Hom!

**TEMA 2** (9 Sept.)**: Loop in Sy voetspore - want 'n keuse is gemaak!**

Om 'n dissipel te word - Is om in 'n proses in te gaan!

Te weeg! Om 'n Keuse te maak! (om dissipel te wees, agter Jesus aan te stap, by Hom te leer hoe om te lewe)

Dallas Willard skryf: "We dont drift into dissipleship". Want dis 'n keuse!

**TEMA 3** (16 Sept.): **In Sy voetspore - 24/7**

**24/7** laat mens dink aan 'n klomp Bybeltekste, bv. Kol 3: 23 "Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie!"

Ef 5: 10 "Vra julle voortdurend af of iets vir die Here aanneemlik is, en moenie meedoen aan die vrugtelose praktyke van die duisternis nie."

Mat 6: 33 "Beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God…"

Rom 12: 1 "Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is."

**ONS SOU DIT OOK ANDERS KON VERTAAL:**

"Wat julle ook al 24/7 doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie!"

"Vra julle 24/7 af of iets vir die Here aanneemlik is, en moenie meedoen

*Ons Visie:* ***Deur Christus-liefde gee ons vir almal om***

aan die vrugtelose praktyke van die duisternis nie."

"Beywer julle 24/7 vir die koninkryk van God en vir die wil van God…"

"Gee julleself as aan God as 24/7 offers wat vir Hom aanneemlik is."

**DUIDELIK is hierdie nie net bedoel vir Sondae nie, maar vir:**

Elke dag! As jy in kerk is en wanneer jy werk! Leer en speel! Ontspan en beplan!

**SO IS dit om DISSIPELS VAN JESUS CHRISTUS te wees:**

Hulle weet en verstaan dat hulle 24/7 aan Hom behoort!

Elke oomblik! Elke faset, elke terrein, elke dag.

Hulle verstaan dat hulle 24/7 kind van God is! Dissipel van Jesus!

Hulle verstaan dat die Heilige Gees 24/7 by hulle is / dat hulle 24/7 onder leiding van die HG (moet) staan

**Daarom maak 24/7 dissipels nie 'n onderskeid tussen:**

Wanneer hulle BID of met SAKETRANSAKSIES besig is nie!

Wanneer hulle in die KERK SIT of in die RAADSALE van die wêreld!

Wanneer hulle STILTETYD HOU of gewoon MET MEKAAR KUIER nie!

**Natuurlik is dit 'n LEWENSLANGE REIS waarmee hulle besig is:**

'n 24/7 lewensreis waarin dissipels heeltyd groei en sterker word in hulle geloof!

En meer leer van HOM en Sy KONINKRYK en Sy Wil en Sy HART! En minder van hul eie.

**Dit is 'n LEWENSREIS van SKOLING en VORMING en VERNUWING** soos ek aanhou om agter Jesus aan te loop!

***'n Reis waarin ek van Jesus leer HOE OM MY LEWE TE LEWE***

***SOOS HY MY LEWE SOU LEWE as Hy ek was! (Dalas Willard)***

Ek leer van Hom hoe om my werk te doen! (Soos vir die Here!)

Hoe om besigheid te doen! (Met eerlikheid en integriteit)

Hoe om sosiaal te verkeer!

Hoe om student te wees - soos Hy 'n student sou wees as Hy ek was!!

**LIEWE GEMEENTELID, mag ons as dissipels van Jesus IN SY VOETSPORE volg - 24/7!!!**

*(Bostaande is uittreksels met hier en daar aanpassings uit 'n stuk geskryf deur Dr Theo Marais)*



# 40dae "In Sy Voetspore"

## Rooster vir Oktober

**Week 4** (Sondag, 14 Oktober)

Joh. 13:31-35

*Met sy Liefde!*



**Week 5** (Sondag, 21 Oktober)

Mark. 10:35-45

*Soos Hy dit gedoen het!*

**Week 6** (Sondag, 28 Oktober)

Luk. 14:25-33

*Bereid om 'n prys te betaal!*

*28 Oktober om 10:30, Afsluitingsfunksie*



Mag die Here in hierdie 40 dae ons gemeente nader aan Hom en mekaar bring.

Vir meer inligting kontak 'n leraar of Gert Kok 072 120 2952

*Die 40dae-span*



## Helpende Hand



## Bydrae vir Jeugwerkerkursus

‘n Jong man van ons gemeente is entoesiasties om as Jeugwerker te studeer, maar benodig fondse vir die klasgeld. Dis deeltydse studies vir 2 jaar.

Enige bydra sal baie wardeer word.

Merk koevert of EFT betaling as “Jeugwerkkursus” asb.

Vir meer info kontak Ds. Leon v Heerden.

*Vertroue in die Heer*

*Wanneer jy op die nuusflits van ’n ongeluk hoor,*
*en jy weet dis die pad wat jou geliefde daagliks ry.*
*Dan bid jy en hoop maar jou gebed word verhoor,*
*en hoop om die tyd tot die volgende nuusflits om te kry..*

*Dan kom die nuusflits weer en jy hoor dis ’n ander tipe kar,*
*en jy sluit jou oe in dankbaarheid maar tog mis jou hart ’n slag.*
*Want al is jy diep dankbaar, jou gedagtes is in ’n war,*
*want jy weet daar is mense wat vergeefs op hul geliefde wag.*

*Jy dank die Heer want Hy’t jou geliefde vandag gespaar.*
*Jy vra vir vrede en vertroosting vir die mense wat treur.*
*Jy besef opnuut elkeen se lewe is in die hand van die Heer,*
*maar more as jy opstaan vergeet jy maar weer...*

*Jy raak ongeduldig en skel in die oggend se spits-verkeer.*
*Jy bekommer jou oor die kinders en oor wat die dag gaan inhou.*
*Jy vergeet daar is iemand anders wat jou lewe sal beheer,*
*as jy Hom maar net wil toelaat in jou lewe en volkome vertrou.*

*Here wil U ons help om daagliks te onthou,*
*om ons lewens geheel en al aan U toe te vertrou,*
*Dat ons in oorgawe, in alles wat ons doen, na U wil streef.*
*Sodat ons elke dag as blymoedige Christene kan bly leef.*

*Amen*



## - - - - DATUMS VAN BELANG - - - -

- **9 Okt:** Skole Open
- **14 Okt:** Oupa & Oumadag in saal om 10:00
- **28 Okt:** 40-Dae Reeks Afsluitingsfunksie om 10:30
- **28 Okt:** Aandnagmaal om 18:00
- **3 Nov:** Moot Care Karwas en Mark
- **18 Nov:** Nagmaal om 9:00
  Youthbash om 18:00
- **25 Nov:** Kersangdiens om 19:00

**Sien jou daar!**

Onderwerp julle daarom in nederigheid aan die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die tyd wat Hy bestem het.



*1 Petrus 5:6*

**BOOMSLOPINGS & SNOEI**
GRATIS KWOTASIE
VERSEKERING
**KONTAK ERNST by 083 656 4992**
www.treecarepta.co.za



## Groei deur die waarheid

Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly
en so in alle opsigte groei na Christus toe.

Efesiërs 4:15

Daar is soveel hulpmiddels wat God gegee het vir ons geestelike groei. Maar ons moet oppas dat dit nie 'n doel op sigself word nie.

Gemeenskap met gelowiges is noodsaaklik, maar as dit nie in Christus gesentreer is nie, dien dit geen konstruktiewe doel nie. 'n Bybelstudie is 'n bron van leiding, maar die doel moet altyd wees om die dissipel na Christus heen te wys en Hom te verheerlik. Goeie werke is vir God welbehaaglik, maar hulle kan nooit die plek inneem van ons geloof in Hom nie.

Daar kan alleen geestelike groei wees as dit jou hoofdoel is om meer en meer die beeld van Christus te vertoon. Dit behoort die hartsbegeerte van elke Christendissipel te wees.

*My Here, laat u Heilige Gees só van my besit neem dat ek alleen maar tot u verheerliking sal lewe. Amen.*

19 September

Ozrovech S. (2008) Genade vir elke Oomblik, Christian Art Gifts RSA, bl. 19 September



# OMGEE-BEDIENING

**KOM SLUIT AAN BY 'N OMGEEGROEP! Jy sal nie spyt wees nie.**

**VISIE VAN DIE OMGEE-BEDIENING:**

*Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepe mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.*

Dit is die bediening wat die **omgeegroepe** ondersteun en organiseer.

Omgeegroepe is in hierdie gemeente die primêre "voertuig" van bediening en versorging!

Omgeegroepe
Ons gee om.

☺ As jy oorweeg om by 'n omgeegroep in te skakel kontak vir Tom Rademeyer by 0823729803.

☺Indien jy kans sien om as 'n omgeegroep-leier opgelei te word kontak ook asb vir Tom.




Die doel van die karwas is om vir werklose persone geleentheid te bied om iets te verdien asook dat jy persoonlike met hulle kan kontak hê.
Die mark se doel is om persone uit die gemeenskap geleentheid te bied om inkomste of ekstra -inkomste te kan verdien.
Veral aanvulling van pensioene.

***Die stalletjies is gratis. Almal is welkom!***